



# Week 5

# VLOA-OPSOMMING

| | |
|---|---|
| Welstand | • Maats leer van die belangrikheid van 'n gesonde ontbyt.<br>• Ons leer oor die gevaar van vuur en dat ons nie aan dit mag raak nie.<br>• Ons doen groot motoriese ontwikkeling deur middel van ons kinetiese sessie.<br>• Fyn motoriese vaardighede word ontwikkel deur die knip, skeur, ryg, plak, bou en manipulasie van onderskeie materiale. |
| Identiteit en samehorigheid | • Maats leer hoe hulle eie sintuie werk en hoe hulle ogies ens. van mekaar verskil. Hulle is elkeen uniek.<br>• Kleuters word die geleentheid gegun om hulself uit te druk tydens sirkelsessies, bybelstorie- en lesbesprekings.<br>• Selfstandigheid en verantwoordelikheid word bevorder deur die daaglikse roetine wat toegepas word en die uitdeel van werkies en verantwoordelikhede, soos om op te ruim, kunswerke volgens juffrou se instruksies te voltooi ens. |
| Kommunikasie | • Maats word die geleentheid gegun om sosiaal met ander maats te kommunikeer tydens klasbesprekings en groepspel.<br>• Kleuters "lees" saam met juffrou die illustrasies van die bybelstorie en tema. Tydens hierdie "leeservaring" word vorms, kleure ens. uitgewys en bespreek.<br>• 'n Gediggie word geluister, gedramatiseer en bespreek.<br>• Maats kleur met waskryte in en "skryf" hulle name op hulle kunswerke.<br>• Juffrou vra deurlopend vir maats vragies wat hulle moet beantwoord. |
| Verken wiskunde | • Die nommer "twee" word vir die week behandel. Maats moet tel tot by twee.<br>• Maats leer van die driehoek (die vorm hierdie week).<br>• Kosse/happies word op grond van hul smaak gesorteer (Watter kosse is soet? Watter kosse is suur? ens.)<br>• Hoe ek my sintuie inspan wanneer ek eet word as proses ondersoek.<br>• Maats moet saam met juffrou volumes afmeet om die bottels vir die STEAM-aktiwiteit vol te maak. |
| Kreatiwiteit | • Uitdagings word deur middel van die week se storie aan maats gestel. "Wat dink jy gaan volgende gebeur?" is 'n voorbeeld van so 'n vraag.<br>• Maats verf en oefen dus hoe om verfkleure apart te hou en kwaste skoon te hou.<br>• Maats leer hoe om 'n skêr en kryt vas te hou.<br>• Maats word die geleentheid gegun om vir juffrou te vertel van die kunswerke wat hulle geskep het.<br>• Maats dramatiseer 'n kort gedig en storie.<br>• Kreatiwiteit word ook deur kammaspel bevorder. |
| Kennis en begrip van die wêreld | • Maats ontdek hulle sintuie.<br>• Aandag word op objekte soos kos geplaas wat maats kan verken.<br>• Vryspel bied aan maats die geleentheid om hul omgewing te ondersoek.<br>• Maats verken saam met juffrou tegnologiese hulpbronne.<br>• Kleuters voltooi konstruksie-take soos die "toring" wat hulle moet bou met blokkies en ander materiale. |

# SIRKELSESSIE
*Van die week*

- Dag van die week
- Maand
- Verjaarsdae op hierdie dag
- Nuuswaardighede
- Seisoen
- Weer
- Nommer van die week: ***Twee (2)***
- Vorm van die week: ***Driehoek***
- Kleur van die week: ***Rooi***

***Maats moet daagliks die vorm met hul vingers in die lug vorm/skryf en moet tot by 2 tel terwyl hulle ritmies hande klap.***

## Sirkelbespreking van die week



# Ontmoet vir:



# Rosie-Rooi

# Rosie-Rooi *(Die storie)*

Rosie-Rooi bly in die ou wit huis met die bloedrooi dak aan die buitekant van die dorpie Rooidrif. Sy het die huis by haar ouma Rosa geërf en soos haar ouma hou Rosie baie van rooi rose. Rosie staan elke dag vroeg op en sit 'n rooi gabbelgogga-hartjie op haar kop vas. Dan stap sy na die roostuin met 'n mandjie en 'n snoeiskêr. Sy sny die mooiste rooi rose af sodat sy dit in blompotte in die huis kan sit. Daar is niks so mooi soos potte vol rooi rose nie. Rosie sny dan ook die ou rose en takkies af.

Terwyl Rosie so deur haar rooi roostuin stap sien sy iets wat sy nog nooit voorheen gesien het nie – 'n bloedrooi naaldekoker. Sy kan haar verkyk aan die pragtige naaldekoker met sy blink vlerkies wat glinster in die son. Oral waar sy in die tuin stap, vlieg die rooi naaldekoker saam asof hy haar wil geselskap hou. Rosie sien later al uit om elke dag die naaldekoker in die tuin te sien.

Iets baie snaaks gebeur dan ewe skielik is Rosie se rooi rose groter en kan 'n mens hulle van ver af reeds ruik. Sy wonder of die rooi naaldekoker iets daarmee te doen kan hê en besluit om dankie te sê. "Dankie mooiste rooi naaldekoker. My rooi rose was nog nooit so mooi nie.", sê Rosie vir die rooi naaldekoker. Dis asof die rooi naaldekoker sy blink vlerkies twee keer vinnig laat fladder voordat hy wegsweef.

**Vertoon hierdie week vir Rosie-Rooi in die klas**

Maats kan die ganse week vir Rosie-Rooi rooi kossies gee om te "eet". Hulle kan rooi speelgoed bring waarmee sy kan "speel". Sy kan 'n rooi roos of blom kry ens. Moedig maats aan om gepaste rooi items vanuit die klas of van die huis af vir Rosie-Rooi te bring.

**Probeer hierdie week om ROOI verf, klei ens. in aktiwiteite te gebruik sodat maats verskeie geleenthede het om die kleur te identifiseer.**

**Vra deurgaans vir maats watter kleur die verf, klei ens. is.**




Mollie


Mollie


2
Mollie

# BYBEL-ILLUSTRASIES





**Visuele prosessering:** Die man dra ’n BLOU kopband / Die bouers staan VOOR die toring en die toring is AGTER

# BYBELLES

*Die toring van Babel*

# DAG 1-2

Baie jare het verbygegaan na die watervloed. Noag se kinders het kinders gehad en hulle kinders het kinders gehad. Gou was daar baie mense op die aarde.

Een van hierdie mense was ’n man wat se naam Nimrod was. Hy was ’n nare (nie ’n gawe) man wat wreed teenoor mense en diere was. Hy wou baie mag gehad het en het homself sommer koning gemaak. Omdat hy ’n sondige man was het God nie van Nimrod gehou nie.

Op ’n dag het Nimrod vir die mense gesê om 'n groot stad met ’n baie groot toring daarin te bou sodat almal kon sien hoe slim hulle was.

Vra vir maats of hulle weet wat ’n stad is. Stede is groot dorpe vol geboue waarin daar sommer baie mense bly.

Vra vir maats of hulle weet wat ’n toring is. Verduidelik dat dit ’n baie hoë, reguit gebou is wat tot hoog in die lug strek. Vra vir maats of hulle al sulke geboue of torings gesien het.

## Woordeskat-ontwikkeling

**Koning**

'n Man wat ’n land se “baas” is

**Stad**

'n Stad is ’n baie groot dorp

**Toring**

’n Baie hoë, reguit gebou

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wat was die nare man se naam?
- Het God van hom gehou?
- Wat het Nimrod gesê moet die mense doen?

## Lewensles

Ons mag nie magsbehep of selfgesentreerd wees nie

# Bybelles

*Die toring van Babel*

# DAG 3-4

God het nie daarvan gehou dat die mense 'n hoë toring wou bou nie. Maar die mense het gesê: "Kom! Laat ons 'n stad bou en 'n toring wat so hoog is dat sy punt tot by die hemel kom. Dan sal ons beroemd wees." Die mense was baie trots op hulself. Hulle het hulle eie eer gesoek en nie God s'n nie.

God het toe besluit dat Hy hulle gaan keer om hulle toring klaar te bou. Weet jy hoe het Hy dit gedoen? Hy het hulle almal skielik in verskillende tale laat praat! Die bouers kon mekaar nie meer verstaan nie. Dit is hoekom hulle die stad "Babel" genoem het, want dit beteken "verwarring".

Die mense het toe van Babel af begin wegtrek. Groepe mense wat dieselfde taal gepraat het, het saam in ander dele van die aarde gaan woon. So het God gekeer dat die mense nie die toring klaar bou nie.

## Kommunikasie-vaardighede en ouditiewe geheue

- Wou God hê die mense moet almal in die stad met die toring bly?
- Hoekom wou die mense die toring bou?
- Hoe het God gekeer dat die mense verder aan die toring bou?
- Wat is die stad genoem en wat het die naam beteken?

## Woordeskat-ontwikkeling

**Beroemd**

As almal weet wie ek is

**Trots**

As ek dink ek is baie oulik

**Verwarring**

As ons deurmekaar is en nie mooi verstaan nie

## Lewensles

Ons mag nooit dink ons is belangriker as God nie

# DAG 5

Laat kleuters op die mat sit voor die temabord met die illustrasies van die storie. Vra dan vrywilligers om die storie te vertel. Let op na kleuters wat dalk skaam is en betrek hulle ook by die vertelling deur hulle vrae te vra.

Wat leer ons uit hierdie bybelverhaal?

Ons mag nooit so trots wees dat ons dink ons is beter as ander mense of dat ons selfs beter as God is en Hom nie nodig het nie. Hy is groter en sterker as ons. Ons moet vir Hom luister en Hom respekteer.

## Hersiening

**Herhaal terme**

Koning/Stad/Toring
Beroemd/Trots
Verwarring

## Lewensles

Ons mag nooit dink ons is belangriker as God nie

# Tema

*(Gedig en storie)*

Met my ogies kan ek sien

blou en rooi en die syfer tien.

Met my ore kan ek hoor,

voeltjies, liedjies en 'n harde boor.

Met my neusie kan ek ruik,

dis waarvoor ek dit gebruik.

Met my tong kan ek proe,

soet, sout en brand, sjoe-sjoe.

Met my vel kan ek voel,

grof en glad – dit is die doel.


## Gediggie van die week

*My sintuie (CD)*

***Die gedig lig uit hoe ons lyfies gebruik word om te sien, hoor, ruik, proe en voel.***

***Laat maats die gediggie dramatiseer.***

***Bespreek deurgaans die klanke wat maats in die gedig hoor.***



## Storie van die week

*Mollie en die maanmannetjie (CD)*

***Hierdie week kom kuier ’n maanman by Mollie-Muis.  Die twee steel saam kos uit boer se spens en ontdek saam soet, suur en sout kos.***

***Luister elke dag ’n stukkie van die storie en vra vir maats na afloop daarvan wat hulle dink die volgende dag in die storie gaan gebeur (kritiese- en kreatiewe denke).***

***Vra vir maats of hulle kan onthou wat die vorige dag in die storie gebeur het voordat jy die storie die volgende dag verder speel (ouditiewe geheue).***

***Op dag vyf kan maats die storie self dramatiseer of hul eie variasies daarvan weergee.***

# TEMATAFEL *('n Vakansie-tas)*

## TAFELSTORIE VAN DIE WEEK

*(Hierdie week pak ons 'n vakansie-tas uit! Pak vooraf die groen items in die onderstaande storie in 'n tas. Gebruik die Mollie-handpop en pak die tas stuk-stuk saam met maatjies uit!)*

Mollie is so opgewonde! Hy gaan hierdie week see toe! Die aand voordat hulle ry, pak Mollie en mamma saam sy tas. Maatjies, wat dink julle is in die tas? Kom ons kyk! *(Pak die tas uit soos wat daar in die storie na items verwys word).*


Mollie se mamma pak vir hom sy **bril** in sodat hy al die plekkies wat hulle gaan besoek mooi kan sien. *(Haal ' n bril uit en sit dit op jou oë want ons kyk mos met ons ogies. Plaas dit dan op die tafel by 'n prentjie van 'n oog.)* Sy pak vir hom **oorfone** in om sy gunsteling musiek te luister. *(Sit die oorfone in jou oor want ons luister mos met ons ore. Plaas dit dan op die tafel by 'n prentjie van 'n oor.)* Mamma pak Mollie se **spuitgoed** en room in dat hy lekker kan ruik by die see. *(Laat maats aan die spuitgoed en room ruik. Plaas dit dan op die tafel by 'n prentjie van 'n neus.)* Mamma pak vir Mollie 'n warm **trui/jas** in sodat hy dit kan aantrek as sy vel koud kry of voel. Sy pak ook sy **baaibroek** in sodat hy dit kan aantrek wanneer hy gaan swem en die nat water op sy vel gaan voel. *(Haal 'n jas en baaibroek uit die tas en plaas dit op die tafel by 'n prentjie van 'n hand/vel.)*


Toe hulle klaar alles in die tas gepak het, vra Mollie vir sy mamma of sy asseblief vir hom padkos vir die lang reis kan inpak. Hulle pak vir Mollie 'n heerlike kosblik en sit dit in sy tassie. *(Haal 'n kosblik met gesonde happies uit die tas. Laat maats aan die happies proe want ons proe mos met ons monde. Plaas die kosblik dan op die tafel by 'n prentjie van 'n mond.)*


Nadat hulle Mollie se tassie gepak het, sit sy mamma hom in die bed. Sy soen hom op sy kop. "Mamma", sê Mollie, ek gaan nie vannaand kan slaap nie. Ek is te opgewonde! Ek kan nie wag om die see en die strand te sien nie! Maar, mamma, die ding wat ek die heel graagste wil sien, is die lighuis wat so hoog soos 'n toring staan! Is 'n lighuis so hoog soos die toring van Babel? Ek gaan die hele week op die strand torings bou!" Mollie gaap en maak sy ogies toe. Hy droom die hele aand van torings!


## GEPAARDGAANDE MATWERK


**Laat maats deurgaans hierdie week op die mat sit en soos Mollie torings met verskillende apparaat en materiale bou (boksies / blokkies / klei ens.)**












# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*


## Dag 1




Hierdie week se ilustrasies illustreer telkens die sintuig en hoe die sintuig in die oggend ingespan word as juffrou vir ons pap gee om te eet. Sintuie word dus deur middel van 'n proses wat maats self beleef verduidelik.

Elke oggend hoor ons met ons ore as juffrou ons roep om te kom eet.

## Dag 2




Elke oggend sien ons die pap as juffrou dit in ons bakkies voor ons neersit. Ons sien watter kleur ons bakkies is.

Ons sien hoeveel pappies in ons bakkies is.

Ons gebruik ook ons ogies om te kyk waar ons skep.

## Dag 3




Elke oggend ruik ons die lekker pap as juffrou ons roep om te kom eet.

Nie alles ruik so lekker soos pap en blomme nie. Goed kan ook stink, soos 'n vrot aartappel of 'n asblik.

# TEMA-ILLUSTRASIES *(Visuele persepsie)*

## Dag 4





Elke oggend voel ons of ons pappies al koud genoeg is om eet.
As dit te warm is kan dit ons brand. As dit te koud is, is dit nie lekker nie.
Net soos in Gouelokkies se storie, moet ons pap net reg wees!


## Dag 5




Ons kan onderskei tussen: Koud (roomys) en warm (vuur), droog (sambreel) en nat (reën), grof (krimpvarkie) en glad (bal), hard (muur) en sag (teddie-beer)



Elke oggend proe ons aan die lekker pap wat juffrou vir ons gee. Ons proe die soet suiker en romerige botter. Ons proe die lekker melkies.





Ons kan onderskei tussen:
Soet (roomys), bitter (medisyne), brand (rissie), sout (sout) en suur (suurlemoen)

# TEMA-LES

## *My ore en ogies*

# DAG 1-2

Bepaal kleuters se voorkennis. Verduidelik dat ons **vyf** sintuie het – **sien, hoor, ruik, proe** en **voel**. Ek het ogies, ore, 'n neus, 'n mond/tong en vel waarmee ek hierdie dinge kan doen. God het my sintuie vir my gegee sodat ek alles kan beleef wat Hy gemaak het!

Ek het twee **ore** langs my kop waarmee ek **hoor**. Laat kleuters hulle ogies styf toemaak en luister na die geluide om hulle. Vra vir hulle wat hulle gehoor het.

Daar is so baie geluide wat ons vir elke dag hoor. Ons kan hoor as mamma of pappa sê hulle is lief ons. Ons kan hoor as die voëltjies vroegoggend in die bome tjirp en motors in die pad verbyry. Ons kan hoor as juffrou in die oggend vir ons roep om ons pappies te kom eet. Ons is baie gelukkig omdat ons kan hoor, want dowe mense kan nie.

Ons het nie net ore nie, maar **ogies** ook. Met ons twee ogies **sien** ons alles rondom is. Elkeen van ons is se oë lyk anders. Party maatjies het blou oë, ander het groen oë en ander het bruin oë. Selfs die vorm van ons oë verskil.

Kyk 'n bietjie om julle rond – wat sien julle alles? Ons is so gelukkig om te kan sien, want daar is blinde maatjies wat glad nie kan sien nie.

### Kritiese denke

- Is dit net ons ogies wat verskillend lyk?
- Hoe kan ons verskil?

### Kinestetiese leer

Herinner maats weereens waar hulle ogies, ore ens. sit deur dit op een of twee maats te illustreer. Dui op ooreenkomste en verskille in oogkleur ens. Ons is almal anders maar uniek.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Oor | Sien | Verskillend |
| Hoor | Blind | Uitlaatgasse |
| Doof | Neus | Reukwater |
| Oog | Ruik | Stink |

## *My neus en vel*

# DAG 3-4

Verduidelik vir kleuters dat elkeen van ons 'n **neus** het wat in die middel van ons gesiggies is. God het elke maatjie verskillend gemaak en nie een van ons se neuse lyk dieselfde nie. Party mense se neuse is lank, ander s'n is kort. My neus het twee neusgate en ek **ruik** met my neus. Ek ruik mamma se lekker reukwater wanneer sy my 'n drukkie gee. In die klas kan ek ruik hoe die speelklei en bordkryt ruik. In die lente, wanneer daar baie blommetjies in die tuin is, kan ek ruik hoe soet die rose ruik. Maar alles wat ek ruik, ruik nie altyd lekker nie. Op

### Kritiese denke

- Wat kan alles stink?

# TEMA-LES

## My neus en vel

# DAG 3-4

skooltoe, ruik ek die slegte reuk van motors se uitlaatgasse en daar is baie min goed wat so sleg ruik soos 'n vrot aartappel!

Vrot aartappels ruik nie net sleg nie maar hulle voel ook pap. Om te kan voel is ook 'n sintuig. Vra vir kleuters waarmee ons voel – ons voel met ons vel! My vel vorm oor my hele lyfie.

Met my **vel** kan ek **voel** dat 'n roomys lekker **koud** is en 'n vuurtjie **warm**. Ons mag nooit aan vuur vat nie want dit kan ons brand. As ek in die reën loop kan ek voel hoe my lyfie **nat** word, behalwe as ek onder 'n sambreel loop. My lyfie sal dan lekker **droog** bly en voel. Met my vel kan ek voel as iets **grof** is, soos 'n growwe klip of 'n krimpvarkie se stekelrige ruggie. Ek kan ook voel as iets **glad** is, soos 'n ronde strandbal of spieël. Ons kan ook voel as iets **hard** is, soos 'n baksteenmuur of wanneer dit lekker **sag** is, soos 'n teddie-beertjie.

### Kinestetiese leer:

Laat maats hulle ogies toemaak of blindoek hulle. Maatjies moet dan aan verskillende items in 'n bak/boks voel. Laat hulle verduidelik wat hulle voel.

### Woordeskat-ontwikkeling

| | | |
|---|---|---|
| Vel | Grof / Glad | Soet / Sout |
| Voel | Mond | Brand |
| Warm / Koud | Smaak | Bitter |
| Nat / Droog | Proe | Suur |

## My mond

# DAG 5

Vra vir kleuters of hulle weet waarmee 'n mens **proe**. Ek proe met my **tong**! Ek proe verskillende smake met my tong.

Ek kan proe dat 'n roomys **soet** is of dat 'n suurlemoen **suur** is. Medisyne proe dikwels **bitter** en biltong het 'n **sout** smaak. Rissies of peper kan weer **brand**.

Party mense hou van kos wat brand en ander hou van souterige kos. Maats hou weer dikwels van soet lekkergoed. Min mense hou van suur of bitter happies.

Hersien vlugtig met maats die vyf sintuie aand die hand van die visuele illustrasies.


### Kritiese denke


- Wanneer kry ons lyfies lekker warm/koud?
- Wanneer word ons lyfies nat?
- Is ons velle grof of glad?

**Hersiening:** Dit gaan hier om HERHALING vir VASLEGGING

## Knip en plak


Maats moet die onderstaande elemente uitknip en dan 'n gesiggie bou op 'n A3/A4 papier.






## Verf/inkleur, skeur en plak

Maats moet die onderstaande hand verf/inkleur. Hulle moet dan verskillende materiale van onderskeie teksture op die vingers plak. Een vinger kan byvoorbeeld 'n "growwe" vinger wees, een 'n "gladde" vinger ens. Materiale soos skuurpapier, foelie, kleurpapier ens. kan gebruik word. Laat maats die materiale self skeur.



## Verf/inkleur, plak en proe

Elke kleuter ontvang 'n A4 grootte papier met 'n mond en 'n tong wat uitsteek. Laat kleuters die mond en tong verf/inkleur. Plaas bakkies met sout, suiker, koffie en iets suur op die tafel. Kleuters kan daaraan proe terwyl hulle die verskillende smake op die tong plak. So verstaan hulle dan ook die begrippe. Die tong kan ook op 'n A3 geplak word.



## Verf/knip, rol en manipuleer

Laat maats die onderstaande driehoek ROOI verf/inkleur. Laat maats dan ROOI soutklei-slange maak en dit al langs die buitelyne van die onderstaande driehoek platdruk. Laat hulle dan ook die nommer "2" in die middel van die driehoek met klei naboots.




# KUNSWERK
*Aktiwiteit 5*

**Teken en inkleur**

Teken jou eie ROOI Gabbel-gogga.

## Rosie-Rooi





## Benodighede

| | |
|---|---|
| Fluitjie | Tennisballe |
| Hoepels | Groot ballle |
| Wipmat | Balanseerbalk |
| Boontjiesakkies | Springtou |

### Opwarming

- Maats hardloop vrylik rond.  Blaas op ’n fluitjie.  Maats moet dan dadelik stop. Herhaal.
- Laat maats op en af spring.
- Laat hulle aan hulle tone raak en albei hulle arms na bo strek. Herhaal drie keer.
- Maats moet sirkelbewegings met arms vorentoe en dan agtertoe maak.

### Bilaterale koördinasie - arms en hande

Plaas drie hoepels langs mekaar op die vloer.  Laat maats een-een in die middelste hoepel sit. Plaas tennisballe in die hoepels links en regs van maats. Hulle moet dan die tennisballe gelyktydig met die linker en regter hand vat en dit in middelste hoepel (waarin hulle sit ) plaas.

### Balans

Statiese balans

Maats moet hul balans in ’n stilstaande posisie hou terwyl hulle op een been staan vir een minuut.  Herhaal terwyl maats op hulle tone staan.

Statiese balans met oë oop

Laat maats op hulle tone met hulle arms sywaarts staan terwyl hul oë vir dertig sekondes oop is .

Statiese balans met oë toe

Laat maats op hulle tone met hulle arms sywaarts staan terwyl hul oë vir dertig sekondes toe is .

### Lateraliteit

- Maats moet op ’n wipmat spring en in die lug halfpad na links en na regs draai.
- Maats moet boontjiesakkies van hul linker- na hul regterhand en dan weer van hul regter na hul linker hand gooi.
- Maats moet ’n groot bal vorentoe dribbel terwyl die linker- en regtervoet om die beurt na vore beweeg.

### Reaksie-tyd

Maats moet vyf groot balle met beide hande deur ’n hoepel gooi wat heen en weer beweeg word. Herhaal 'n paar keer totdat maats dit bemeester.  Boontjiesakkies of tennisballe kan ook gebruik word.

# KINETIKA

## Ratsheid

Maats moet oor 'n balanseerbalk loop met hulle arms op hulle heupe. Pak boontjie sakkies in die vorm van 'n driehoek en laat maats daarop loop. Laat hulle dan hak-teen-toon oor 'n 3 meter lengte tou loop.

## Ruimtelike oriëntering

Blinddoek maats en blaas op 'n fluitjie. Hulle moet uitwys waar die geluid se oosprong is. Laat hulle in middel van 4 hoepels, kleuter gooi boontjie sakkie in linker,hoepel , voorste hoepel, regter hoepel en agterste hoepel.

## Ritme

Maats moet ritmies volgens die onderwyser se hande-klap stap.
Hulle moet vorentoe loop en draf terwyl hulle self hande klap.

## Afwarming


Laats maats op 'n gelyke oppervlakte lê met hul ogies toe. Laat hulle nou hulle arms en bene gelyktydig oop en toe maak om “engele in die sneeu” te vorm.



# Bottelskud - Digtheid

## Benodighede

- Sout
- Malvalekkers
- Suurwurms
- Pomelo-sap of koue koffie



## Instruksies

Laat maats aan die teksture van die sout, malvalekkers ens. voel. Maak hulle bewus van hoe die onderskeie teskture verskil. Vra hulle ook uit oor wat hulle sien en laat hulle aan alles proe. Bespreek die verskillende smake (die sout, die soet lekkers, die suur wurms en die bitter sap). Help maats om die oorblywende sout, malvalekkers ens. in die onderskeie bottels/houers te gooi. Die bottels/houers moet halfpad (of minder) opgevul word en juffrou kan aandui tot waar maats die bottels moet vul. Gooi die sout in een hour, die malvalekkers in 'n ander houer ens. Maak die houers toe en laat maats hulle nou skud. Dui op die verskillende klanke wat die onderskeie items in die bottels maak. Die sagte, dig malvalekkers maak bykans geen klank nie, die fyn, los sout maak 'n harder klank. Maak nou musiek deur middel van skudbewegings.

## Wat het ons geleer?

Items van verskillende digthede maak verskillende klanke. Dus, klein, harde items soos soutkorrels maak harde klankies. Groter, digter items soos malvalekkers maak sagter klanke.

DIE

Skud-orkes

